JAARVERSLAG

MAART 2021 – FEBRUARIE 2022

“AL WAT VAN BELANG IS,

IS GELOOF WAT DEUR DIE LIEFDE TOT DADE OORGAAN”

GAL 5:6b

Dit is juis die sekuriteit wat hierdie geloof ons bied, wat ons in die afgelope jare staande gehou het toe ons dikwels moes afskeid neem van geliefdes en spesiale vriende.

Hierdie geloof mobiliseer ons ook om hande te vat en te gee – van onsself, ons middele en ons gawes om ander se laste ligter te maak.

En dít maak dit alles die moeite werd!

Gevolglik is dit `n voorreg om as volg oor ons projekte te kan rapporteer:

1. MAATSKAPLIKEWERK-DIENSTE

- Verskeie individue en gesinne wat met uiteenlopende probleme worstel, meld by die maatskaplike werker aan vir hulp. Die tipe probleme wat die meeste aangemeld is, is huwelikskonflik, werkloosheid en gepaardgaande finansiële probleme, asook diegene wat worstel met onverwerkte trauma.
  `n Gemiddeld van **105 sessies** pm het plaasgevind met individue en soms ook egpare.

- Daar is noue skakeling tussen die maatskaplike werker en al die verskillende projekleiers.

- Kontak tussen die maatskaplike werker en die maatskaplike werkers van die CMR en die omliggende skole vind ook plaas om samewerking te bevorder en dienslewering te koördineer. (Een van Pharos se vrywilligers dien namens Pharos/Lux Mundi op CMR Faerie Glen tak se Bestuur.)

- Die maatskaplike werker is ook die kantoorbestuurder wat die oorhoofse bestuursake van Pharos hanteer.

2. KOSPROJEK

Daar word weekliks groot hoeveelhede kos versprei na behoeftige individue en gesinne. Begunstigdes se omstandighede word deur die maatskaplike werker geëvalueer waarna die kosspan, bestaande uit `n groep dinamiese en bekwame vrywilligers, die kospakkies saamstel volgens elkeen se behoefte.

- **48** Gesinne het maandeliks kruideniersware ontvang.
- Die Kos-projek het donasies ter waarde van **R190 800** ontvang en kos ter waarde van **R384 744** is versprei **(R32 060pm)**.
- Kruideniersware ter waarde van **R201 669** is aangekoop.
- Kosvoorrade word aangevul deur verskeie bydraes van "Vriende van Pharos". Die deurlopende bydraes van Lux Mundi se lidmate speel `n onmisbare rol en die bydraes deur besighede en skole maak ook `n groot verskil.
- Die Garscom netwerk het ook gereeld bydraes voorsien om ons te ondersteun. Gedurende Oktober 2021 het hulle **R41 320** se nie-bederfbare items ingesamel.

3. KLERE-PROJEK

Groot hoeveelhede klere word weekliks ontvang, gesorteer en versprei na behoeftige individue, gesinne en instansies op aanbeveling van die maatskaplike werker. Instansies wat baat by die verspreiding, is verskeie CMR takke (Faerie Glen, Bronkhorstspruit, Cullinan en Silverton), asook die woongebiede van Eersterust, Hammanskraal, die Middestad en Weste van Pretoria. Uitreike na Mosambiek, Ohrigstad, Hartbeespoort, Rustenburg en Zambië het ook klere ontvang.

- Klere ter waarde van **R428 100** is ontvang.
- Klere ter waarde van **R404 550** is aan 123 afsetpunte voorsien.

4. TRUDREAMS

Deur middel van hierdie projek word behoeftige matrieks ondersteun om hulle spesiale aand te kan bywoon en voluit te geniet. Daar was **2** leerders wat ons kon bystaan om hierdie spesiale funksie `n onvergeetlike ervaring te maak.

Ons is baie bevoorreg dat **Benjamin Saccaggi, The Green Tailor** sy dienste aangebied het en aan ons manspakke voorsien het.

5. PROJEK HANNA

Huiswerkers wat lede van die Lux Mundi Sepedi-bediening is, word toegerus met naaldwerkvaardighede. Die groep bestaan uit **17 lede** en het verskillende artikels vir eie gebruik gemaak, soos rokke, rompe, drasakke en Bybeloortreksels.

Benjamin Saccaggi het ook sy dienste by hulle projek aangebied om hulle te help met die maak van mansbaadjies.

Die doel van die projek is om die huiswerkers te bemagtig om uiteindelik hulleself beter te versorg en `n inkomste daaruit te verdien.

6. SKRYFBEHOEFTE-PROJEK

Pharos verskaf jaarliks nuwe skryfbehoeftes aan behoeftige kinders gedurende Januariemaand. Kinders word geïdentifiseer deur personeel en maatskaplike werkers van skole in die omgewing, asook CMR Faerie Glen-tak. Pakkette word aangekoop vir die verskillende grade sodat leerders gereed is vir die nuwe skooljaar.

- `n Rekordgetal van **101** kinders is van skryfbehoeftes voorsien en die totale koste daaraan verbonde was **R53 696.**

7. HAWELOSES EN WERKLOSES

Die haweloses/werkloses word elke Donderdagoggend bedien waartydens hulle `n “Life Skills”-kursus deurloop, rantsoenpakke ontvang en ook hulp van die maatskaplike werker ontvang.

- In totaal is daar **845** rantsoenpakke met nie-bederfbare kos aan hierdie groep mense uitgedeel.
- Skoon klere, komberse, handreinigers asook maskers is aan hulle voorsien.

8. KERSDAGPROJEK (“HAMPERS” VIR HAWELOSES

Haweloses wat in die Ooste van Pretoria rondswerf op Kersdag, het waarskynlik nie die finansiële vermoë om na familie/vriende te reis nie. Hierdie projek voorsien in hulle basiese lewensbehoeftes (toiletware, nie-bederfbare produkte, ens). `n Nuwe Testament in `n Afrika-taal met `n gepaste Kersboodskap word ook ingesluit.

- Op Kersdag is **50** “Hampers” uitgedeel.

9. JAKOB-SE-PUT (JsP)

Die Covid-19 inperkings het ‘n dramatiese impak gehad op die funksionering van JsP en die bywoners daarvan. Die werkloosheidsyfer het dramaties gestyg en werksgeleenthede is baie beperk – veral vir ouer persone. Gevolglik veroorsaak dit dat finansiële probleme ontstaan en mense nie meer huisvesting kan bekostig en basiese voedselaankope kan doen nie. In hierdie opsig verleen Pharos finansiële ondersteuning waar nodig. In ‘n groot mate het hierdie bediening ontwikkel in ‘n omgee-groep wat geestelike en emosionele ondersteuning verleen aan hierdie mense.

10. COMMUNITY B-NET

Deur middel van hierdie projek vind die stimulering van klein besighede plaas en daar word entrepreneursvaardighede aangeleer.

In samewerking met JsP word mense wat “tussen werke” is, aangemoedig om moontlikhede om inkomste te genereer, te identifiseer. Daar word gebruik gemaak van mentors wat entrepreneurs bemagtig en toerus met kennis en vaardighede. Hierdie proses vind op individuele basis plaas en daar is ‘n sterk behoefte aan meer mentors om betrokke te raak by hierdie projek.

11. JOB SEEKERS FORUM

Aangesien die behoefte aan werksgeleenthede ‘n kritiese aspek was in baie mense se lewens tydens die pandemie, moes ons ernstig kyk na ‘n bykomende struktuur wat mense kan bystaan, toerus en mobiliseer vir die arbeidsmag. Gevolglik is die Job Seekers Forum op Donderdae begin om addisioneel tot Jakob se Put en B-Net ‘n diens te lewer aan werksoekers.

By Job Seekers Forum word gefokus op praktiese aspekte soos hoe om:

- Voor te berei vir ‘n onderhoud.
- Toepaslik geklee te wees vir ‘n onderhoud.
- ‘n Resumé op te stel.
- Navorsing oor ‘n maatskappy te doen.
- Jou vermoëns en vaardighede te bemark.
- Geld te spaar terwyl jy “tussen werke” is.

Gedurende die boekjaar was daar 43 persone wat van hierdie diens gebruik gemaak het.

12. CHICS@PHAROS

Die afkorting **CHICS** staan vir **COMMUNITY CHURCH HOUSEHOLDS INTERFACE CARE AND SUPPORT** en hulle gebruik die *logo* van `n kuikentjie om daarmee uit te beeld dat hulle brose kinders (soos VIGS-wesies) wil beskerm. CHICS wil verseker dat behoeftige kinders in gesonde en funksionele huishoudings grootword. In die proses word gemeenskaps- netwerke versterk tussen die kerke, skole en dagsorgsentrums. Ouers word bemagtig met vaardighede om hulle kinders beter toe te rus vir die lewe. Pharos ondersteun die Mamelodi-tak van hierdie projek finansieel reeds sedert Nov 2011.

- **R63 696** is gedurende 2021/22 aan CHICS oorbetaal.

13. PHAROS NOODSORG

Die impak van die pandemie het veroorsaak dat besighede moes afskaal, personeel afgelê is en gesinne wat reeds finansieel probleme ervaar het, nog verder onder druk geplaas is. Dit is hier waar Pharos talle mense moes ophelp en bystaan.

- **40** Gesinne/Huishoudings is finansieel ondersteun.
- Daar is R**341 981** bestee aan die nood van individue en gesinne vir betaling van noodsaaklike uitgawes. (Dit sluit munisipale rekeninge, huurgeld, medikasie, ens in.)

14. NETWERKE

In die werk wat ons doen, is `n sterk ondersteuningsnetwerk vir Pharos `n belangrike prioriteit. Daarom is ons baie dankbaar en bevoorreg om die lojale steun en vertroue van die gemeenskap te kon verkry oor die afgelope aantal jare. Ons plaas `n hoë premie op verhoudinge met instansies soos die SAPD, die veiligheidsforums (GarsCom en GarsHigh), die CMR, die omliggende hoër- en laerskole, Ringsgemeentes, ander kerke, Solidariteit/Helpende Hand, Moeggesukkel Rehabiltasie Sentrum, die sakegemeenskap, ens.

PAD VORENTOE

Dit is ons doel om altyd relevant te bly en `n diens te lewer wat beantwoord aan die veranderende behoeftes in die gemeenskap.

Ons is bewus van faktore soos hoër brandstofpryse, die stygende werkloosheidsyfer, stygende voedselpryse en beurtkrag wat `n invloed het op mense se funksionering. Gevolglik word ons dienslewering en ons hulpbronne ook onder druk geplaas.

Ten spyte van al die uitdagings bly dit steeds ons strewe om:

- die plaaslike gemeenskap te dien deur deurlopende ondersteuningsdienste aan mense wat nood ervaar.
- behoeftiges by te staan en te bemagtig sodat hulle selfstandig en menswaardig kan funksioneer.
- mense in staat te stel om betrokke te raak by nood in hul eie gemeenskap.
- volhoubare ontwikkelingsprojekte te loods en te ondersteun.

BEDANKINGS

Pharos beskik oor die dienste van slegs drie voltydse personeellede. Vir die res van die werk – veral ons projekte - maak ons staat op vrywilligers om ons by te staan.

Daarom is ons opreg dankbaar vir die toewyding en lojaliteit van:
43 Vrywilligers
108 Donateurs en
Talle Vriende van Pharos, asook **Gebedsondersteuners** wat ons daagliks bemoedig en vir ons intree.

Ons is bevoorreg om `n dinamiese groep **projekleiers** te hê wat hulle spanne goed mobiliseer.

Pharos se Bestuur onder die bekwame Voorsitterskap van Fanie Kerkhoff bied vir ons waardevolle ondersteuning en advies op `n gereelde basis.

Saam daarmee wil ons `n hartlike woord van dank rig aan die volgende persone wat almal ons hande sterk om gestalte te gee aan die Roeping wat aan ons toevertrou is. Hulle is by name:

- Jeandre Slabbert vir sy hulp met ons “facebook posts”, ens.
- Nerine Schoonraad met die hantering van die WEB.
- Lux Mundi Gemeenteraad, leraars en kantoorpersoneel, asook
- Lux Mundi Gemeentelede.


Berading
Klerebediening
Kersprojek
Life Skills
Jakob se Put
Kosbedieninig
Half/Time
Skryfbehoeftes
TruDreams
B-Net
Jobseekers - Forum
Projek Hanna